# READING-EXERCISES — LEESOEFENINGE.

## 1. WAT DIE MAAN VERTEL.

„Toe ek gister afkyk hier van bo af," sê die maan, „kon ek net mooi in 'n tuin sien, wat agter 'n liewe klein huisie was. Dit was nog nie laat nie, en 'n klein meisie, omtrent vier jaar oud, met ligte krulhaartjies, het nog ewe vrolik daar rondgespeel.

Agter in die tuin was 'n hen met kuikentjies. Dit was al tyd vir die klein, geel diertjies om te gaan slaap, en die hen was net besig, om hulle bymekaar te roep. Die ou krulkoppie het geloop en sing, en met die rondspring het sy agter die kuikentjies aangehardloop, en hulle so vinnig aangeja, dat hulle weggehol het, terwyl hulle angstig piep. Die ou moederhen het agterna gehardloop en gekloek, en tevergeefs probeer om die kuikentjies onder haar vlerke te beskerm.

Die dogtertjie se vader het toe juis na buitetoe gekom. „Foei tog," sê hy, „wat maak jy daar? Kan jy nie sien, hoe bang jy die arme klein diertjies maak nie? Kom, gaan dadelik saam met my na binnetoe; dit word so stadig-aan vir jou ook al tyd om na bed te gaan," — en vader tel die liewe kindjie op sy skouer en dra haar so na binne.

Ek het verder deur die lug gereis, bokant die wolke, en ek het toe nie meer gedink oor wat ek daar gesien het nie.

Maar vandag, het ek weer in dieselfde tuintjie geloer. Dit was 'n bietjie later as gister, en heeltemal laat genoeg ook vir klein kindertjies en klein kuikentjies om rustig in hulle bedjies te lê met hulle ogies styf toe.

Dit was dan ook alles doodstil; dit het gelyk, of tot die aandwindjie ook gaan slaap het, want daar het nie eers 'n blaartjie aan die bome geroer nie. Meteens gaan die agterdeur van die huis saggies oop, en dieselfde klein meisie, wat ek gister gesien het, kom daar uit. Sy het al haar nag-

kleertjies aangehad, en sy loop op haar toontjies. Sy loop suutjies na die hoenderhok, maak die deurtjie oop, en gaan daarin. Ek kon alles deur 'n skeur in die plankie sien.

Die ou hen het al op die nes gesit met die kuikentjies onder haar vlerke, en die ander hoenders het op die stokke gesit en slaap. Die klein meisie het reguit na die hen toe gegaan en haar handjies na haar toe uitgesteek.

Meteens is daar 'n vreeslike gedoente in die hok. Die ou hen begin te kekkel, en vlie van haar nes af; die kuikentjies word wakker en hardloop daar deurmekaar en begin ewe benoud te piep. Die hen en die ander hoenders help om die geraas nog groter te maak.

Toe dink ek: „Nou, hoor, dis darem regtig 'n stout kind, om die arme hoenders so bang te maak." En ek was waarlik bly toe die huis se deur weer oopgaan en die vader daar uitkom. Hy het die geraas gehoor en gaan kyk wat daar te doen was.

Hy was baie kwaad, toe hy by die hok kom en sy dogtertjie daar sien. Hy het haar aan die arm gegryp en haar heen en weer geskud. „Jou stoute kind," sê hy, „wat maak jy weer hier? Gister het ek nog vir jou gesê om die arme hoenders nie so te pla nie, en hier doen jy dit alweer. Loop, jou stouterd, maak dat jy gou in die huis kom!"

Die dogtertjie kyk haar vader aan met trane in die ogies. „Ag, Pappie," sê sy, „moet tog nie vir my kwaad wees nie. Ek wou die diertjies geen kwaad doen nie, maar gister het ek die ou hen so gepla, nou wou ek vir haar 'n soentjie gee, en haar vertel, hoe spyt ek het, dat ek haar kuikentjies so bang gemaak het."

Toe die vader dit hoor, was hy nie meer kwaad nie. Hy het die liewe kindjie in sy arms opgeneem en haar gesiggie wat so vol trane was, gesoen, en ek het ook my helderste strale afgestuur om haar op haar liewe ogies en op haar mondjie te soen." (Na Hans Andersen.)

## 2. OP DIE BOEREPLAAS.

Baie min van ons stedelinge weet wat op 'n boereplaas gaande is. Dit is ook geen wonder nie dat ons soms verbaas sit en luister as die boere vir ons van die plaaslewe vertel. Vereers moet ons die lewe van die stedeling met die van die boer vergelyk.

Die boer tref ons aan met growwe hande. Hy dra 'n groot velthoed en groot velskoene. Hy moet dit doen, want dit beskerm hom teen die reën en warm son in die ope wêreld. Die stedeling dra nie so'n groot hoed nie en ook nie velskoene nie. Hy trek die fynste en mooiste skoene aan, waarmee die boer nie op die plaas sou kan loop nie, omdat sy voete sal seerkry, want die grond is nie so gelyk en gemaklik om op te loop as die van die stedeling nie.

Waar die boer soms, en alte dikwels, in die son en reën moet werk, daar tref ons die stedeling aan in die winkel agter die toonbank of miskien in die kantoor. Die klerk het dan ook makliker as die winkelbediende, want hy het nie nodig om so baie rond te loop as die laasgenoemde nie. Die klerk moet baie werk, dit is waar, maar vergelyk sy werk met die van die boer.

In die eerste plek, moet die boer baie vroeër opstaan as die stedeling, daarby het die boer nie 'n agturige dag nie; hy begin te werk vóór die son opkom tot laat na die son ondergaan. Die stedeling begin soggens om agtuur of negeuur te werk en dan sê hy dit is te vroeg, terwyl hy alweer vyfuur of sesuur ophou. Hy het natuurlik hoofbrekings wat hom moeg maak, maar wat van die boer? Hy het mos ook hoofbrekings. As hy nie sy werk vooruit skik nie dan sal hy nie 'n goeie boer wees nie en sal hy nie weet wat hy die volgende dag moet maak nie.

Laat ons nou meer bepaald tot die werk van die boer kom. Ons wil nie die hele lewe neem nie, maar net die lewe

gedurende die oestyd. Sover as die oog kan sien, staan die graan ryp en wit op die lande, en die lug is belaai met die lekker geur van die graan en die nabye grassies. Dit is alles wat ons vertel dat dit oestyd is.

Oom Dawie stap ewe gerus van sy stoep af, stop sy pyp en gee so'n paar lang trekke om weer die rookwolkies in die lug te blaas. Hy stap na die waenhuis waar sy seun Martin druk besig is om die selfbindermasjiene in orde te bring. Die masjiene moet klaargemaak word, want Maandag moet hul begin oes.

Oom Dawie het vir Martin goeie raad gegee wat om te doen, terwyl hy sy kar laat inspan het om gou-gou dorp-toe te ry om daar enige gereedskap en spaardele te gaan haal wat vir die masjiene gebruik moet word.

Maandag het aangebreek en toe hoor 'n mens oral in die omgewing die geraas van masjiene, die geklap van swepe en die mensestemme, wat so nou en dan onder die groot lawaai gehoor kan word. Alles is in rep en roer. Daar is net een gedagte wat rondgaan in die wakkere en ernstige boereseun en dit is: „Voorwaats, volkies, deur dik en dun moet ons gaan." Die volkies is dan ook in hulle element en weet heel goed wat so'n oestyd vir hul beteken.

Hierdie tydperk van harde werk duur vir twee tot drie weke voort. Die volkies word gou-gou in spanne verdeel. Die een span is besig om te maai, terwyl die ander span besig is om die afgemaaide graan mooi agtermekaar te sit en in gerwe op te maak. 'n Derde span is besig om die gerwe wat die masjien afgesny en gebind het, bymekaar te dra en in hopies of oppers — soos dit onder die boere mees bekend is — te pak. Hierdie oppers word op so'n kunstige manier gepak dat dit teen wind en reën kan staan.

Drie weke is verby. Die oes is af. Alles in die wye omgewing lyk kaal en dor, en sover die oog kan strek, lê lang rye oppers. Die oppers word op die waens gelaai en op die

werf gebring. Dit is natuurlik swaar werk om die gerwe een vir een op die wa te gooi en een vir een deeglik te pak sodat dit nie kan afval nie. Op die werf van Oom Dawie word die mied gepak. Dit lyk dan ook soos 'n groot berg. Tot hoog in die lug word dit gepak. Om 'n voorbeeld te gee van die grootte van so'n mied. Dit is in baie gevalle groter, want dit hang alles van die omstandighede van die weer af, maar in die algemeen sien ons 'n mied van 150 voet lang en 100 voet breed, wat in 'n vierkantvorm gepak is en wat van 40 tot 60 voet hoog is.

Die oestyd is verby. Die ry van die gerwe is klaar. Nou kom die dorstyd. Die gerwe wat so versigtig en netjies in die mied gepak is, staan nie alte lank so nie omdat dit te gevaarlik is. Dit staan bloot aan al die gevare van vuur en dergelike skade wat aangebring kan word. Dit is die rede waarom die boer so gou moontlik 'n dorsmasjien kry om dit uit te dors. Dit is nog 'n swaar periode wat die boer moet deurmaak. Al lyk dit so maklik en al gaan alles so goed, kos dit tog baie hoofbrekings om dit so in orde te verkry.

Dit is Woensdagoggend. Daar kom die dorsmasjien oor die bult. Tant Miemie is lank reeds besig, druk besig met die hulp van haar ervare dogters om die ete en gebak klaar te maak en alles vir die volgende dag voor te berei. Die aias (meide) in die kombuis stook kliphard en die rook borrel by die skoorsteen uit. Dit lyk soos 'n groot brand.

Dit is Donderdagoggend. Daar blaas die dorsmasjienfluitjie en almal stap in hulle plekke — die plekke wat Martin vir hulle aangewys het. Sowat dertig volkies is besig met vurke in hande en kafdraers of borries, om weg te dra wat die masjien fynmaak. Die gebrom en geraas van die dorsmasjien laat hom ver in die vlaktes en omliggende koppies hoor, tot veel plesier en vermaak van die naburige boere wat elkeen sy beurt afwag om dieselfde proses deur te maak.

Die dorstyd is verby. Die volkies kom ewe opgeruimd en

vrolik hulle hande oophou om hulle loon te ontvang; ja, die loon wat hulle eerlik verdien het. Daar sien ons twee spanne esels oor die bult kom. Dit is die esels van die naburige boer, wat die dorsmasjien kom haal om weer op sy plaas te gaan dors.

Op die gelaat van Tant Miemie — wat die masjien agterna kyk — kan gesien word die blydskap dat alles verby is, want sy weet wat so 'n oestyd en dorstyd vir haar beteken.

Wat het van die stedeling geword? Sal hy ooit so 'n week of twee op die plaas kan deurmaak? Stellig sal hy sê ja, maar nie voordat hy dit self probeer en ondervind het, sal hy uitvind dat daar vir hom net één lewe is en dit is die heerlike lewe van die stad.

## 3. DIE EERSTE BOERKANON.

Elke skoolkind het seker al van die kanonnetjies gehoor, wat Martinus Ras in die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1881 gemaak het, en die kinders, wat al in Pretoria was, het miskien ook al self die kanonne daar in die museum gesien.

Martinus Ras verdien ongetwyfeld om bewonder te word, omdat hy, met sulke geringe hulpmiddels, nog sulke goeie werk kon lewer, maar hy was darem nie die eerste man wat, hier in Suid-Afrika kanonne gemaak het nie; en die Boere, wat in die Vryheidsoorlog met die kanonne geskiet het, was ook nie die eerste Boere-artilleriste nie. Dié eer kom toe aan mense, wat in 1796 in Graaff-Reinet se distrik gewoon het.

Die Kaapkolonie was kort tevore vir die eerste keer deur Engeland in besit geneem, en hoewel die burgers in Kaapstad self hulle maar daarin geskik het, het daar onder die Boere in die verder afgeleë distrikte 'n grote ontevredenheid geheers teen die nuwe regering, en het dit veral in die

Graaff-Reinet distrik meer as eenmaal op 'n openlike verset uitgeloop.

Landdros Bresler, wat in die dorp Graaff-Reinet gewoon het, was algemeen deur die burgers, wat daar in die omtrek gewoon het, gehaat; en dit lyk ook, of hy hulle nie met alte veel liefde behandel het nie.

Eendag het die burgers weer by hulle landdros kom kla oor verskillende dinge, en toe hy nie na hul sin van die klagtes notiesie wou neem nie, het hul só opstandig geword, dat hy dit nodig gevind het, om vir Kaptein Vandeleur, wat met 'n kommando soldate in die buurte was, te laat roep om hom teen die burgers te kom beskerm.

Vandeleur het nie veel sin gehad om hom met die twiste van die burgers met hul landdros te bemoei nie, maar hy het darem 'n kanon laat regtrek en 'n paar skote bo-oor die koppe van die opgewonde burgers laat afskiet. Dit was meer as wat hulle op gereken het. Hulle het weggejaag, so hard as wat hul perde kon loop, en nie weer stilgehou voor hul sowat ses myl buitekant die dorp was nie.

Toe hulle nou meen dat hulle vereers buiten gevaar is, het hulle die saak deeglik bespreek. 'n Geveg met gewere, dit kon nog gaan; maar almal het daarmee ingestem, dat dit nooit sou gaan vir hulle om met bobbejaanboude te veg, as die vyand hulle met kanonne skiet nie.

Bresler is meer as ooit verag, maar dit het vanself gespreek dat die burgers eers self 'n kanon moes hê voor hulle iets teen hom en sy groot kanon kan onderneem.

Die saak is behoorlik bepraat, en eindelik is daar besluit om 'n kommissie aan te stel, wat moes probeer om vir die burgers ook so gou moontlik 'n kanon te maak.

Die slimste mans in die distrik is aangestel op die kommissie, — almal mense wat daarvoor bekend was, dat hulle nie alleen 'n goeie plan kan maak nie, maar ook hul planne kan uitvoer. Die kommissielede het hul koppe by-

mekaar gesit, en dit het nie lank geduur nie, of hulle het ondermekaar ooreengekom hoe om die saak aan te pak.

Allereers is 'n stewige stinkhoutboom in die bos afgekap en versigtig uitgehol, byna so lank as wat hy was. Daarna is ou wielbande daaromheen getrek en goed vasgeklink. Toe is daar 'n „sundgat" in geboor, en — die veldbattery was klaar.

Van alkante het die burgers bymekaar gekom om die wonderwerk te sien, want dit het net gou in die buurte bekend geraak, dat die kanon-kommissie 'n meesterstuk uitgevoer het.

Die toeskouers is ook nie teleurgestel nie. Die kanon was op twee agterwiele van 'n wa vasgemaak en het daar geweldig genoeg uitgesien. Almal het hom bekyk, bevoel en bewonder en goeie moed gekry dat landdros Bresler nou op sy plek gesit sal word. Toe die eerste skoot afgevuur moes word, was daar 'n groot moeilikheid. Wie was die man wat dit sou waag?

Elke man het na sy buurman gekyk, maar terselfdertyd sy kop geskud asof hy wou sê: „Jy kan dit maar doen, ek sal dit liewers nie waag nie."

Op die end het hulle besluit om lootjies te trek, wie die eer sou hê om die kanon in te wy en die lot het op Kobus Venter geval.

Almal het gemeen dat hy ook net die regte man daarvoor was; hy was 'n dapper kêrel en het goed geweet om sy verstand te gebruik.

Maar Venter self was nie daarmee tevrede nie, dat die kanon-kommissie die vernaamste gedeelte van hul werk wou oorlaat aan iemand wat daar eintlik niks mee te doen het nie. Maar dit moes nou eenmaal gedoen word, en Venter het naderhand ingegee.

Eers het hy 'n taamlike diep gat in die grond laat grawe, omtrent veertig tree agter die kanon, en die grond wat daar-

uit kom, vir 'n skans laat opgooi voor die gat. Toe soek hy die langste ossesweep uit wat te kry was, en het dit so ingerig, dat as hy agter sy skans lê en aan die sweepstok trek, die lont dan net aan die kruit in die sundgat sou raak. 'n Paar keer het hy dit probeer en toe dit lyk of sy plan nou goed sal werk, het hy die kanon gelaai. Eers het hy die kruit daar ingegooi, toe 'n pluisie bo-op, daarna 'n goeie skoot van stukke ou yster en ten laaste weer 'n pluisie.

Toe het Venter in die gat gaan lê en die toeskouers geraai om pad te gee, — 'n raad wat hulle heeltemal gewillig was om so gou moontlik op te volg. „Een, — twee, daar gaan hy!" tel Kobus en gee 'n harde ruk aan die sweepstok. Dadelik volg daar 'n uitbarsting soos sware donderweer, en wat die berge in die omtrek laat antwoord gee.

Nadat hy 'n paar minute gewag het, steek Kobus sy kop versigtig bokant die skans uit om te sien hoe dit met die kanon afgeloop het. Maar hy het verniet sy nek uitgerek, en tevergeefs oral rondgekyk.

Daar was geen spoor van die kanon te sien nie; net 'n rookwolk wat stadig deur die wind weggedryf word om te bewys dat die skoot regtig afgevuur is. Die stinkhoutstomp, die wabande en wiele, — alles het spoorloos verdwyn, en toe die ander burgers 'n bietjie van die skrik bekom het, en dit waag om weer nader te kom, toe kry hulle vir Kobus Venter met die sweepstok nog in sy hand, terwyl hy doodstil en ewe verwonderd die stuk van die lont wat nog daaraan sit, staan en bekyk, en dan weer sy oë draai na die plek waar die kanon gestaan het.

Met landdros Bresler het dit dus hierdie keer goed afgeloop en toe die Engelse kommandant in Kaapstad later die geskiedenis hoor, was dit vir hom so'n mooi grap dat hy 'n present van tien pond buskruit na die adres van „Kanonnier Kobus Venter" gestuur het.

## 4. WAT IS GELD TOG?

Ek herinner my nog heel goed toe ons as kinders winkel-winkel gespeel het. Ons kruideniersware was sand: fyn sand vir suiker en growwe sand vir sout; klein klippies vir ertjies en grotere vir boontjies ensovoorts. Die geld waarmee ons gekoop het, was papiertjies op allerhande maniere geknip, so nie, dan het ons nommers daarop geskrywe wat die verskil in die koopkrag moes aantoon.

Dit word ons nou meer en meer duidelik dat ons gebruiklike geldsoorte feitlik niks anders is as metale, bestaande uit koper-, silwer- en goudstukke, en papier soos banknote, wissels en tjeks, wat slegs as 'n soort van ruilmiddel beskou kan word. Neem byvoorbeeld banknote, tjeks en ander gelyksoortige papiergeld. Die papiere self is mos niks werd nie, maar wat ons moet onthou, is die koopkrag wat daaragter sit waarmee ons goedere en ook dienste kan koop.

Daar is meer mense in die wêreld met min geld as mense met baie geld, en die grootste gedeelte van ons besef nie dat die krag van geld nie vermeerder omdat ons meer het nie. Inteendeel, die merkwaardigste is, dat hoe meer ons het — bo 'n sekere getal — dit ons geluk tot 'n sekere mate verminder, omdat ons vermoë vir die gebruik van enige artiekel beperk is en geld dit nie kan vermeerder nie.

Die genot van 'n goeie spel het niks met die hoeveelheid van geld te doen nie, want 'n arm mens kan hom net so goed vermaak, al was dit op sy manier. Dit wil sê, al is 'n mens hoe arm, kan hy tog die plesier en geluk hê wat geld hom nie kan gee nie. Hoeveel miljoenêrs is diep ongelukkig omdat daar geen liefde en vriendskap is nie; liefde ja, wat geen geld kan koop nie.

Neem die voëls in die groot koringlande en vrye opelug waar alles volop is. Hulle kan net eet tot hulle genoeg het, en al sou 'n mens hulle ook nog duisend sulke koringlande

aanbied, sal hulle dit beslis weier. Dieselfde met die mens. Ons eetlus vermeerder nie namate ons inkomste vermeerder nie, en al sou 'n mens meer wil eet en gebruik, dan kan ons dit tog nie, want die gevolge sal noodlottig wees.

Dieselfde dien vir klere en ander weeldeartiekels waarsonder 'n mens so gemaklik kan klaarkom. 'n Mens mag in staat wees om 'n dosyn pakke klere, dasse, skoene en boordjies gelyk te koop, maar hy kan maar net een in 'n slag gebruik.

Dit laat ons terugdink aan die tyd toe die mense sover gegaan het om allerhande kosbare juwele aan hul liggame te hang, soos halsbande, armbande en goue en diamantringe. Gelukkig het dit al baie afgesterwe wat 'n mens laat dink aan die terugkeer tot die eenvoudigheid van die arm en minder bevoorregte mense.

Dit is die gevolg van iets te oordryf. Dit was vroeër merendeels onder die mans te bespeur, maar het later ook meer veld gewen onder die vroulike geslag wat dit in die algemeen só oordrywe het, dat ook hulle trapsgewyse terugkeer tot die ou dae toe sulke onnodighede onbekend was. Nieteenstaande dit alles, is dit darem baie gerieflik om so 'n klompie muntstukke te hê om dit deur die vingers te laat rol.

## 5. TE VOET OM DIE WÊRELD.

Dit is wonderlik wat 'n mens alles aanvang en wat hy in sy hoof kry om te doen. So is daar nog in hierdie dae van stoomskepe, vliegtuie en treine, mense wat daarin plesier vind om 'n wandeling rondom die wêreld te doen.

U sal seker glad nie verwonderd wees om te verneem dat dit die plan is van 'n Ier, — 'n verknogte Sinnfeiner — soos Mnr. G. A. Gossland, die man wat dit tans onderneem, dit self beskryf het in 'n gesprek met my.

Meneer Gossland het die reis in Londen op 10 Februarie

1922 onderneem. Hy het 'n weddenskap met die *London Times* aangegaan, dat hy die reis in ses jaar sou aflê. Doen hy dit dan betaal die blad hom £ 2,000. Maak hy dit nie — nou ja, dan het hy die plesier van die wandeling gehad! Die voorwaarde is, dat hy sonder 'n pennie geld die reis moes begin en klaarmaak en nie mag steel of bedel nie.

Alvorens my hierdie besonderhede te gee, het my Sinnfeinse vriend egter eers 'n bietjie lug gegee aan sy Ierse gemoed en verklaar dat hy hoop om by sy terugkeer in sy land na ses jaar in 'n vrye Ierse Republiek aan te kom. „En hulle gaan dit ook verkry," verklaar meneer Gossland. „Die Iere meen besigheid en hulle is op die regte manier aan die werk om te verkry, wat hulle wil hê." Hy voeg nog daarby dat hy wens dat daar 2,000 Iere in Suid-Afrika kan wees om ons hier 'n bietjie wakker te maak.

Daar ek nie heeltemal begryp het wat dit beteken om op Ierse manier wakker te wees nie, vra ek so ongeërg wat hy bedoel.

„Om hier 'n Republiek te stig en die kapitaliste se mag te breek," was sy antwoord van hierdie sinsnede.

„Maar weet u dat ons meen dat ons heeltemal vry is in Suid-Afrika?" sê ek toe vir hom.

„Ja, omtrent net so vry soos die leeus in die dieretuin," was sy onverwagte antwoord.

Sy akkoord met die *London Times* is om die wandeling — 30,000 myl — aan die end van 1928 klaar te hê. Aangesien hy nie die hele weg rondom die wêreld onafgebroke kan aflê nie, omdat daar see tussenin is, moet hy in elke land 'n sekere getal myle afloop. Sy kwota vir Suid-Afrika is 4,000 myl. Die seereis van Londen na Durban kos hom ook niks nie, want hy het vir die oortog gewerk. Van Durban af het hy begin loop en het reeds 2,500 van die 4,000 myl afgelê.

Sy reis van Durban was as volg: Durban, Breyten,

Chrissiemeer deur Swasieland, dan na Delagoabaai, en terug na Johannesburg en vandaar na Pietersburg, Messina en Pretoria. Die res van die 4,000 myl is hy voornemens op te vul met 'n wandeling deur die Vrystaat, en hy het my vertel dat hy ook voornemens was by die kantore van die vernaamste ingesetenes van die Vrystaatse hoofstad aan te gaan, en om dan so teen die end van Augustus in die Kaap aan te kom.

Op 'n vraag hoe hy dan leef as hy niks geld by hom het nie, deel hy my mee, dat die magistrate hom in elke dorp van voedsel voorsien en ook die gasvryheid van die boeremense het hy hoog geroem en gesê dat niemand hom ooit voedsel geweier het nie. As sy klere dan te verslyt raak, gaan hy gewoonlik 'n winkel in een van die dorpe of stede binne — by voorkeur die grootste winkel in die plek — en dan begin hy daar 'n praatjie te maak met die baas, en hom te vertel van sy onderneming. Die baas sien dan ook baie gou dat hy iets nodig het en gee hom die een of ander kledingstuk. Bedel mag hy natuurlik nie! Hy dra nie komberse saam met hom nie en is dikwels verplig om buite in die veld te slaap.

Dit was in die hartjie van die winter en bitter koud, maar hy vertel my toe dat hy in die laaste ses weke slegs viermaal in 'n bed geslaap het. Ag keer was hy verplig om in 'n boom te slaap, omdat hy brullende leeus rondom hom gehoor het. Onder die boom het hy dan eers 'n vuur gemaak. Ek sê toe vir hom dat as hy 'n vuur maak en dan daarby slaap, die leeus hom nie sal aanval nie. Maar hy vertrou die vrede nie en sê dat 'n Ier met die een oog oop slaap.

Op 'n vraag wat hy dink van hierdie land, antwoord hy dat dit 'n pragtige land is, met goeie mense en 'n heerlike klimaat, en as hy na Ierland teruggaan en sy landgenote het nog nie daarin geslaag om die vlag van die Ierse Republiek daar te hys nie, kom hy in Suid-Afrika woon.

Die gemiddelde afstand wat hy op 'n dag loop is 25 tot 30 myl en sy bondeltjie weeg twintig pond.

Hy moet nog die volgende lande besoek en in elke land 'n seker aantal myle aflê: Indië, Burma, Straits Settlement, Jawa, Sjiena, Japan, Australië, Nu-Seeland, Kanada en die Verenigde State van Amerika.

## 6. DIE SWAPE.

Wat is 'n swaap? Daar word so baie van swape vertel veral onder die ouer mense. 'n Swaap is dit 'n mens? Waarom dan 'n swaap genoem? Dit is alleen vir die klas persoon wat onnatuurlike dinge verrig en aanvang en daarby dit so omslagtig doen.

Om nader kennis te maak met die swape, moet ons eers iets aanhaal van die ontdekkingsreise van die Portugese wat na die seeweg na Indië gesoek het.

Baie jare gelede het 'n Portugees met die naam van Prins Hendrik die Seevaarder hom in Suid-Spanje gevestig, met die doel om seevaarders aan te moedig om 'n seeweg te soek om die Suidhoek van Afrika na Indië, waarlangs hul veilig kan handel drywe met die Ooste, omdat die weg oor land te onveilig was. Langsamerhand het die Portugese seemanne so een na die ander nader en nader na die Suidhoek gekom totdat Vasco de Gama eindelik die Stormkaap verby gegaan het en die verborge seeweg tot welvaart vir die Portugese oopgesit het.

Die weg was nou nie meer onbekend nie, maar dit het baie moeite en kragsinspanning gekos voordat hul doel eindelik bereik was. Afgesien van die feit dat dit baie lewens gekos het, omdat hul swakbestande skepe deur die ruwe golwe verpletter is, en die rukwinde hul skepe as prooi in die gevaar in gedreig het, was hul ook nog onderhewig aan bygelowigheid, wat hul deur vreesagtigheid vir heidense

nasies waarvan daar verskillende verhale in die omloop was, en van warm bronne waar geen skip kan deur nie, belet het om aan land te gaan.

Nadat hul met die kus meer bekend was, het hul nog wonderlike idees daaromtrent gehad en baie stories versprei van skrikwekkende rasse, wat hul aan land gesien het. Hul was vir die afskuwelike mense bang en daarom het hul byna nooit aan land gegaan nie. Die ongelowige Hollanders wat ook die seeweg na Indië gesoek het het maar min van die snaakse idees, wat die Portugese matrose aan hul vertel het, geglo.

In elk geval, of hul dit geglo het of nie, het hul tog darem 'n groot gedeelte van die stories in Nederland oorvertel. Die meeste van die stories was oor die swape en het bewaar gebly deur mondelinge oorleweringe en gelei tot 'n byvoegsel van die ouma-stories of ou stories wat later oorgeplant is tesame met blanke beskawing aan die Suidhoek van Afrika en vandag nog bekend is in baie geweste van die platteland in die Kaapkolonie.

Sover as ons kan uitvind, was die swape 'n soort dom mens. Niemand weet presies waar hulle gewoon het nie en watter soort bedryf hulle beoefen het nie.

Al wat die ou mense aan ons kan vertel, is 'n paar verhale wat hul onkundigheid betuig. So word dan vertel dat die swape eendag 'n huis gebou het. Twee moes binnekant werk en twee buitekant. Ongelukkig het hulle vergeet om vensters of deure in te sit. Toe die huis klaar was, moes hul 'n plan maak om hul maats wat binnekant was, te bevry. Hul besluit toe om die huis aan brand te steek sodat hul maats daaruit kan kom.

Heel gou was die huis onder vlamme. Die twee swape binnekant staan so'n entjie opsy buite die bereik van die aangrypende vlamme en kyk wanneer hul maats sal uitkom. Tot hul spyt moes hul al die hoop opgee en die geskree

van hul maats daar binne tussen die vlamme aanhoor en uiteindelik hulle dood betreur.

Eendag weer, wou 'n klomp swape brood bak. Hul bou toe 'n oond en maak dit goed warm met 'n groot vuur wat hul binnekant gemaak het. Hul gooi toe meel in die panne, sit die panne sorgvuldig in die oond en maak dit toe deur 'n groot platklip, wat net in die bek van die oond pas, daarvoor te sit en stop toe al die skeurtjies wat oopgelaat was, met potklei toe. Alles is nou goed besorg en die hitte van die oond moes die brood gaar bak.

Na 'n uur, meen hul sal die brood gaar wees en maak die oond oop om die brood daaruit te haal. Maar wat was hul verbasing toe hul ontdek dat die meel in die panne verbrand was. Terwyl hul nog so onder mekaar die oorsaak probeer oplos, roep een uit: „Kêrels, ek het nou die geheim agtergekom waarom die brood verbrand het! Weet julle die oond was te warm! Maar kyk, as ons nou weer brood bak, moet een van ons in die oond gaan om te voel of dit nie te warm is nie voordat ons die brood sal insteek." „Dit is 'n goeie plan," roep almal tegelyk.

Een, twee, drie en in die oond was weer 'n groot vuur gemaak. Nadat al die hout uitgebrand het, het hul die gloeiende kole met 'n lang stok uitgekrap. Hul stop die gaatjies oral toe. Een van die swape spring toe in om uit te vind of dit al warm genoeg is. Ongelukkig moes hy 'n prooi van die skroeiende hitte word. Die swaap binnekant roer hom net toe die ander die oond oopmaak om te vra hoe dit gesteld is, terwyl hulle net sy wit tande kon sien. Sy makkers kyk toe hoe lekker die een daar binne — so het hulle vermoed — sit en lag en besluit om ook in te spring Een vir een spring toe in die oond om saam met sy maat hul vreugde mee te deel, maar helaas om tot as te verbrand deur hulle onkundigheid wat te laat was om te ontdek.

## 7. UIT DIE NOOD GERED (1).

Dit het maar sleg gegaan met Oom Karel van Staden. Vroeër was hy 'n welgestelde boer, want sy plaas het hom altyd genoeg opgebring, om sy vrou en kinders te kan voorsien met alles, wat hulle nodig het. Hy het wel sy hele lewe lank hard moes werk, maar solank hy maar die vrugte van sy arbeid sien, was geen sorg of moeite vir hom te veel nie.

Maar in die laaste jare het dit gelyk of die ongeluk hom agtervolg. Niks wou meer geluk nie. Sy gesaaides het gestaan en verdroog op die lande, of hulle word deur swerms sprinkane verniel. Die runderpes het onder sy beeste uitgebreek, en hom beroof van sy beste osse en in sy huis was maar byna altyd siekte, sodat die dokter gedurig by hom oor die vloer was.

Hy moes geld leen om weer vee te koop, maar dit het nie te lank geduur nie, of hulle het ook weer doodgegaan, en so het hy maar gedurig agteruit geboer. Sy bure het hom jammer gekry en hom gehelp waar hul maar kon; maar hy het hoe langer hoe dieper in die skuld geraak en was naderhand genoodsaak om 'n stuk van sy plaas te verkoop, om sy skuldeisers met die geld tevrede te stel.

Geen wonder nie dat hy, moedeloos, met sy hoof in die hande, langs die tafel sy vrou en kinders ewe treurig sit en aankyk.

„Ek sien nou geen uitkoms meer nie," sug hy. „Wat help al my werk my? Ek raak altyd meer agter, hoe meer ek spartel om uit die moeilikheid te kom. Ons het nie eers meer genoeg geld om die kinders behoorlik aan te trek nie. As dit so aanhou, dan sal dit nie meer lank duur nie, of ons laaste stukkie grond moet vir skuld verkoop word, en dan sal ons glo maar moet gaan bedel."

„Ag ou man," sê sy vrou, „jy moet tog nie so praat nie. Hou tog maar goeie moed. As die nood op sy hoogste is, dan

is die uitkoms dikwels ook naby. Die Here het ons darem nog nie verlaat nie."

Maar vader skud maar ewe mismoedig sy kop. Intussen het Dawid, hul oudste seun, 'n jong man van omtrent twintig jaar, die gesprek aangehoor. Hy het goed geweet hoe sleg die sake staan, en meer as een nag het die gedagte aan die donker toekoms hom uit die slaap gehou.

„Vader," sê hy nou ewe ernstig, „dit kan darem nie langer so gaan nie. Ons kan nie almal op die plaas genoeg verdien om van te lewe nie. Piet en Jan is al groot en sterk genoeg om vir Pa met die boerdery te help, en die meisiekinders kan ook al die huiswerk uit Ma se hande neem. Pa sal nou al goed hier sonder my kan klaarkom, daarom wil ek gaan probeer, of ek nie in Pretoria of Johannesburg kan werk kry nie. Miskien is ek nog so gelukkig dat ek genoeg kan verdien om iets opsy te sit. As ek 'n klompie geld bymekaar kan maak, dan sal ons tog altemit weer vorentoe kan boer."

Pa het nie veel gesê nie. Hy het self ingesien, dat Dawid reg het. Maar dit het sy moeder bitter swaar geval om haar oudste seun so ver te laat wegtrek. Wie weet, hoe lank dit sal duur vóór sy hom weer eendag sal sien! Die jonger broers en susters wou tog ook nie graag hê, dat hulle ouboet moet weggaan nie, maar „as dit moet, dan moet dit", sê die spreekwoord. 'n Paar dae later het Dawid dus afskeid geneem van sy ouers, broers en susters, en die wye wêreld ingetrek.

Sy ouers se harte het gebrand van verlange om tyding van hom te kry. Hulle was tog alte bly om 'n week na sy vertrek 'n brief van hom uit Pretoria te ontvang, en daaruit te verneem, dat hy goed daar aangekom het, en nog gesond was. Verder skryf Dawid, dat hy nog nie daarin geslaag het om werk te kry nie, maar dat hy verneem het, dat daar in Johannesburg beter vooruitsigte vir hom was, en dat hy dus maar daarheen sou gaan.

Sy volgende brief het dan toe ook van die Goudstad gekom, en die een daarop uit Krugersdorp. Maar in elke brief was maar weer die selfde ou klagte — „Nog geen werk nie!"

Dawid het darem so af en toe iets verdien, maar dit was skaars genoeg om homself aan lewe te hou. Daar was glad geen kans om geld huis-toe te stuur nie. Hy het so baie rondgetrek, dat dit partykeer vir sy ouers onmoontlik was om vir hom te skrywe, omdat hul nie sy adres geweet het nie.

So het Dawid se briewe ook hoe langer hoe skaarser geword. Hy het ook glo moeg geword om altyd weer dieselfde klagtes te stuur. Eindelik het sy ouers 'n kort briefie van hom ontvang, waarin hy hul vertel, dat hy van plan is om met 'n paar ander mans na Rhodesië toe te gaan. Hulle het gehoor, dat daar weer goudvelde ontdek is, en wou nou ook hul geluk daar gaan probeer. En daarna het sy ouers vir 'n baie lang tyd niks meer van hom gehoor nie.

Met die boerdery op die plaas het dit in tussentyd maar droef gegaan. Hulle het gelukkig baie mielies gewen, maar toe was mielies weer ongelukkig die jaar so volop, dat hul daar geen prys voor kon kry nie. Hulle gesaaide was pragtig, en hul het verwag om 'n goeie koringoes te hê, maar net toe dit mooi in die aar staan, het 'n haelbui dit alles platgeslaan. Toe het hulle moeder boonop baie siek geword, en hoewel sy gou opgestaan het, was sy nog so swak, dat sy geen huiswerk kon doen nie en maar die grootste gedeelte van die dag op haar stoel moes deurbring.

Die dokter het haar allerhande soorte van versterkende middels voorgeskrywe, maar dit kos alles geld, — en waar moes dit vandaan kom?

Daar was eindelik niks anders aan te doen nie, Oom Karel moes maar sy laaste stukkie grond ook verkoop. Vir die geld het hy 'n wa en 'n goeie span osse gekoop, en toe met sy hele familie dorp-toe getrek om te sien, of hy nie daar vir

hulle die kos met transportry kon verdien nie. Vir 'n tydjie het dit gelyk of dit goed gaan. Oom Karel het nie veel moeite gehad om goeie vragte te kry nie, en hy het somar weer moed geskep vir die toekoms.

## 8. UIT DIE NOOD GERED (2).

Maar omtrent anderhalf jaar, nadat Dawid sy ouderlike huis verlaat het, word hulle nuwe moed en hoop ook weer die bodem ingeslaan. Dit was toe 'n geruime tyd, dat sy ouers niks meer van hom gehoor het nie. Dit mag wees, dat hy nog aan die ou adres geskryf het, en dat sy briewe toe nie aangestuur is nie, maar hoe kon sy ouers aan hom skrywe, terwyl hulle hoegenaamd nie geweet het waar hy was nie.

Een môre het daar 'n boodskap van die wetsagent gekom om te sê, dat hy meneer van Staden 'n bietjie op sy kantoor wou sien. En toe Oom Karel later weer by die huis kom, kon 'n mens somar aan sy gesig sien, dat hy slegte nuus het.

„Dit is klaar met ons," sê hy vir sy vrou, toe sy vra, wat hom dan skeel. „Die man, wat ek die geld by geleen het, is oorlede; nou is die agent besig om sy boedel te likwideer. Hy het my gesê, ek sal nou die geld binne 'n maand se tyd moet betaal. So nie, dan sal al wat ons besit op vendusie moet kom, om die skuld te dek."

Daar was vir hulle geen ander uitkoms nie. Die stomme man het tevergeefs probeer om uitstel te kry of om by iemand die geld te leen om sy skuld te betaal. Eindelik het hy dit opgegee en die ganse dag op sy stoel gesit, en wanhopig op één plek gestaar, terwyl daar niks as droefheid in die woning heers nie. Wat sou tog van hulle word?

So het 'n maand verby gegaan, sonder dat daar hulp opgedaag het. Die vendu-afslaer het alles kom opskrywe, wat die arme mense nog besit: die wa en osse, die klompie meubels wat hulle nog van die plaas af saamgebring het,

— alles, alles! En die dag voor die verkoping het daar 'n klomp mense gekom, en ewe astrant in die kamers rondgestap om te sien, of daar iets is, waar hulle sin in het.

Eindelik het die verkoopdag aangebreek. Die mense wat wou kom koop, het mekaar verdring binne in die huis en buitekant op die erf. Die afslaer het 'n tafel voor die deur laat sit, en die goed begin opveil. Een vir een stuk huisraad word uitgedra om verkoop te word. Arme Oom Karel en sy vrou kon nie verdra om aan te sien, hoe al hulle goedjies verkoop word nie. Hy het vir haar 'n ou stukkende leuningstoel uitgedra en in die koelte van 'n boom gaan neersit.

Daar het die arme, bleek ou Moeder ewe hopeloos gesit, met haar oë op die grond geslaan. Haar kinders staan rondom haar. Haar man het agter haar stoel gestaan, maar hy het vir haar geen trooswoord gehad nie. Waar moes hul dan ook hoop of troos vind? Op die plaas het hul tog nog vriende gehad, wat nou en dan iets vir hulle kon doen, maar hier in die dorp had hul geen vriende nie, en het hulle ook byna geen mense geken nie.

Hulle hoor maar, hoe elke keer weer 'n ander stuk huisraad opgeveil word, en hoe die afslaer elke keer sy hamer laat val, as die mense weer op 'n meubelstuk klaar gebied het.

Eindelik kyk die afslaer rond of daar nog iets is om te verkoop. Daar val sy oog op die leuningstoel, waar Moeder op sit. Hy beduie sy bediende om dit te gaan haal.

„Kan julle nie eers vir ons die ou stoel gelaat het nie?" sug Oom Karel, met trane in sy oë, en hy help sy vrou om op te staan. „Ag, sou die Here ons dan heeltemal verlaat het?"

„'n Sterk leuningstoel met 'n riempiesmat!" roep die afslaer met 'n hees stem. „Maak my 'n bod vir hierdie stoel!"

„Vyf sielings!" skree een van die mense.

„Vyf sielings," herhaal die afslaer. „Niemand meer as vyf sielings nie?"

„Vyf en sikspens! — Ses sielings! — Sewe sielings!" — klink dit van verskillende kante.

„Sewe sielings! Sewe sielings!" dreun die afslaer. „Niemand meer as sewe sielings nie?"

Meteens was daar 'n hele opskudding onder die massa van mense. 'n Jong man beur haastig tussen hulle deur met sy elmboë. Hy was vol stof en nat van die sweet.

Almal kyk hom ewe verwonderd aan, maar hy steur hom aan niks en niemand nie.

„Niemand meer as sewe sielings nie?" vra die afslaer weer. „Eenmaal, andermaal......"

„Sewe pond!" roep iemand meteens met 'n growwe stem uit, en voor die mense tot verhaal kan kom, roep dieselfde basstem weer: „Sewentig pond! Sewehonderd pond!"

Dit was die jong man, wat hom so woes vorentoe gedring het. Hy wys vir die afslaer 'n hele handvol banknote. „Hoeveel geld moet jy hê? Toe praat!" roep hy driftig uit. „Ek het genoeg geld om al die skuld te betaal! Laat die mense nou maar loop. Hou nou maar op met die vendusie!"

„Sewehonderd pond! Eenmaal, andermaal. Verkoop!" sê die vendusie-afslaer, en toe het hy die mense gevra om naar huis-toe te gaan. Die verkoping het toe al meer geld ingebring, as wat die skuld was.

„Ag, dit is mos Dawid!" roep Moeder meteens; net toe sy die jong man se stem hoor, en voor hy by haar kon kom, het sy flougeval. Ander mense moes help om haar te lawe, want Oom Karel het daar gestaan, of hy heeltemal verslae was. Dit het gelyk, of hy maar nie kon begryp, wat daar rondom hom gebeur het nie, en hy kon geen woord uitkry nie.

„Vader! Moeder!" roep die jong man en hy val op sy knieë by sy moeder. „Pa! ons armoede is nou op 'n end. Moeder! maak tog jou oë oop, en kyk na my. Al die lyding is nou verby. Nou sal daar weer gelukkige dae vir ons aanbreek."

Gelukkig het sy moeder weer gou bygekom; en dit het gelyk of sy vader ook ontwaak uit 'n droom uit. Ag, hoe gelukkig was die ou mense toe! Hulle seun wat verlore was, het tog weer terug gekom. Dit was vir hulle die vernaamste. Maar toe Dawid vir hulle vertel, dat hy genoeg geld besit om vir altyd 'n end te maak aan al hul bekommernisse, toe het hul blydskap geen grense geken nie.

Dawid het hul vertel, hoe hy in die begin in Rhodesië ook maar baie swaar gekry het. Hy het maandelank goud gegraaf en skaars genoeg gevind om homself aan die lewe te hou.

Maar onverwags het daar 'n kering gekom. Hy en sy vriende het 'n ryke goudrif ontdek, en dit vir 'n groot som geld aan 'n maatskappy verkoop. Dawid se aandeel was oor die £ 5,000, en sodra hy die geld ontvang het, het hy teruggegaan na die plaas waar hy sy ouers agtergelaat het. Daar het hy gehoor, dat hulle dorp-toe getrek het, en sonder om homself enige rus te gun, het hy dadelik daarheen gespoed.

Die eerste mens in die dorp, wat hy gevra het, waar Oom Karel van Staden woon, het hom vertel, dat hulle net besig was om Oom Karel se goed te verkoop. Toe het Dawid so vinnig as hy kon na die huisie toe gehardloop, en hoe hy daar 'n end gemaak het aan die vendusie, het ons al gehoor.

Van toe af het daar beter tye vir hulle aangebreek. Dawid het 'n mooi plaas gekoop in 'n ander distrik, en daarop gaan woon met sy ouers. Hy het gesorg, dat hulle 'n onbesorgde ou dag het, en ook sy broers en susters 'n goeie opvoeding laat kry.

„Ja, ou man," sê Moeder van Staden altyd, as hulle twee gesels oor die swaar dae, wat hul deurgegaan het, — „sien jy nou, dit is tog waar, wat ek toe vir jou gesê het: God verlaat nooit Sy kinders nie, en as die nood op sy hoogste is, dan is die uitkoms ook meesal naby."